
Beeld 24 Feb 1975





BARNEY SIMON

**BARNEY SIMON, regisseur van Die Geselskap, het pas van 'n besoek van vyf maande uit Amerika teruggekeer en hom sommer dadelik weer in die teaterwerk gewerp. In Amerika het hy onder meer 'n draaiboek vir 'n rolprent geskryf. HANNES VAN ZYL het met hom gaan gesels.**

# 'n Geselskap vir die gemeenskap

BARNEY SIMON, regisseur van Die Geselskap, het die naweek teruggekeer om sy teaterwerk te hervat nadat hy die afgelope vyf maande in Amerika aan die draaiboek vir 'n rolprent gewerk het.

Saterdag, nadat hy nog skaars behoorlik geslaap het, het hy reeds begin planne maak vir 'n geïmproviseerde laataandopvoering wat saam met Pieter-Dirk Uys se Selle ou Storie in die Blue Fox opgevoer kan word. Binne die bestek van 'n uur het die telefoon ook 'n paar keer gelui; merendeels akteurs wat graag sou wil speel in Arthur Miller se The Crucible, wat hy in April gaan opvoer.

Simon het die opvoerregte bekom nadat hy Miller twee keer ontmoet het terwyl hy in Amerika gewerk het aan 'n draaiboekverwerking van Isaac Bashevis Singer se roman Eenemies — A Love Story. Dit gaan verfilm word deur Bruce Davidson, 'n jong regisseur wat ook een van Amerika se beste fotograwe is.

Naas The Crucible sal hy moontlik ook Antigone opvoer en beslis verder werk aan die langsame eksperiment in gemeenskapsteater waarmee hy in opvoerings soos People en Storytime, asook in werk in die Transkei en elders nog maar net begin het.

In die Transkei, byvoorbeeld, skep hy met, sê maar verpleegsters, gemeenskapsteater wat in opsigte ooreenstem met dié van die Middeleeue. Waar die Middeleeuse spele merendeels godsdientige leerstellinge was, is hierdie teater onder meer daarop ingestel om ongeletterde mense met hul probleme te help.

Hy sal die verpleegsters op verskeie maniere help om die omgewing waarin hul werk veral sintuiglik te ontdek. Daardie waarneminge word dan verwerk in stukkies waarin die toeskouers onder meer ook leer wat om te doen wanneer 'n kind siek is, wanneer om hom na die dokter te neem en dies meer.

Die soort teater wat hy ook in Johannesburg al hoe meer wil doen, het te make met dieselfde soort ontdekking van die omgewing (lees ook Ian Ferguson se resensie van Simon se kortverhale in Boeke-Beeld). Dit kom onder meer daarop neer dat die stukke waarin hulle speel, ook vir akteurs 'n ontdekking van hulle self en hul omgewing moet wees. Die akteurs word aangemoedig om die gehoor vir wie hulle speel, binne en buite die teater te ontdek, sodat hulle ook meer kan gee wanneer hulle meer kan neem uit die gehoor.

Dis 'n eksperiment wat veel meer nuanses het as wat in 'n paar paragrawe weergegee kan word. Simon soek ook nie kortpaaie nie en weet dat hy waarskynlik nog jare daarmee besig gaan wees.

Sy bemoeiing met die teater het gespruit uit die dae toe hy sy studie in argitektuur aan Wits gestaak en onder meer onder Joan Littlewood in Engeland gaan werk het.

Hoewel hy oorsee aan goeie teater blootgestel was (onder meer Brecht se Berliner Ensemble) het hy by sy terugkeer tog koue rillings gekry toe hy Athol Fugard se heel eerste werk hier gesien het. 'n Baie spesiale verhouding het tussen hom en Fugard ontstaan, en hy het sedertdien baie van Fugard se werk hier en in Amerika opgevoer.

Terwyl Simon in Johannesburg vir 'n reklamefirma advertensies geskryf het, het hy begin om saans in Dorkay House eksperimentele teater op te voer. Hierdie werk het onder meer uitgeloop in die merkwaardige boek Familiarity Is the Kingdom of the Lost, wat oorsee goed ontvang is deur die kritici, maar in Suid-Afrika skaars bemark is; en later ook in Phiri, die musiekverwerking van Ben Johnson se Volpone wat met swart spelers opgevoer is.

In 1972 het hy regisseur geword by Die Arena en die jaar daarna Die Geselskap met Mannie Manim begin, nadat hy tussenin (in 1968) ook 'n tyd in Amerika was. Daar het hy 'n kursus aan die New Yorkse Filmskool gevolg, en was hy medewerker tot The Village Voice en een van die redakteurs van The New American Review.

Dis ook by die filmskool dat hy Bruce Davidson ontmoet het, en die kommentaar geskryf het vir Davidson se monumentale en wyd bekende fotoboek, East One Hundredth Street. Dis ook aan huis van Davidson dat hy Arthur Miller die eerste keer ontmoet het. Die opvoerregte vir The Crucible is bekom nadat die skrywer Philip Roth, 'n buurman van Miller, dias van Simon se werk in die Transkei gesien en Miller daarvan vertel het. Die tantieme vir die aanstaande opvoering het Miller geskenk as bydrae tot die bevordering van daardie werk.

Maar miskien was die belangrikste invloed uit Amerika nog Joseph Chaikin se Open Theatre, die bekende eksperimentele geselskap wat onlangs ontbind is en met wie Simon tydens sy eerste verblyf daar saamgewerk het.

Van sy afgelope besoek het hy merendeels taamlik roue herinneringe oor, wat te doen het met die feit dat hy vir die draaiboek baie navorsing moes doen oor die lewe van mense wat in die oorlog in Duitse konsentrasiekampe was, en die dreigende depressie en ongemak in Amerika.